Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

19 April 2024

Geagte ouers/voogde

# NUUSBRIEF 13/2024

## NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE

### SKOOLGEBASEERDE TOETSREEKS

Onderstaande aangepaste Toetsrooster was reeds Woensdag, 10 April 2024 aan alle ouers/voogde gestuur per e-pos.
*Ons vestig net u aandag daarop dat die Toetsrooster wat u ontvang het voor bogenoemde datum, vervang word deur hierdie onderstaande Toetsrooster van Woensdag, 10 April 2024 aangesien graad 4 – 6 se Geskiedenis en Geografie omgeruil het*

| DATUM | GRAAD 4 – 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| Do. 9 Mei | Afr. | Eng. |
| Vr. 10 Mei | Wisk. | Wisk. |
| | | |
| Ma. 13 Mei | SW Gesk. | NW |
| Di. 14 Mei | PSW | Teg. |
| Woe. 15 Mei | **Geen** | **Geen** |
| Do. 16 Mei | Eng. | EBW |
| Vr. 17 Mei | Geen | Geen |
| | | |
| Ma. 20 Mei | NW/Teg | SW Geo. |
| Di. 21 Mei | **Geen** | Afr. |
| Woe. 22 Mei | **Geen** | **Geen** |
| Do. 23 Mei | SW Geo. | SW Gesk. |
| Vr. 24 Mei | **Geen** | **Geen** |
| | | |
| Ma. 27 Mei | **Geen** | Skeppende Kuns & Musiek |
| Di. 28 Mei | **Geen** | LO |

### FONDSINSAMELING

- **Sakkeprojek (Kwartaal 2)**
  Ons sakkeprojek is reeds op dreef. Hou asseblief kommunikasie dop vir ons volgende uitdeelgeleentheid.

**COSMO RUN**

Nog 'n terloopse geleentheid vir die Villies om ons te help om ons inkomste te verbeter.
Is draf/stap dalk jou ding? Die skool met die meeste inskrywings slaan dalk 'n stewige R10 000 los.
Sien asseblief meegaande inligting onder "Advertensies" vir alle instruksies asook wyse van inskrywing. **Inskrywings gaan direk aan die organiseerders en nie na die skool nie**.

**SPORT**

Wanneer daar sportoefeninge en wedstryde oorbaan plaasvind, bêre spelers/speelsters hul tasse in die tennishok, en nie naby die motorhek, om sodoende tasse en besittings te beskerm.

- **Landloop**

  Ons sien baie uit na die Landloopseisoen wat in die 3de kwartaal begin.
  Vanaf Woensdag, 24 April 2024 kan belangstellende graad 2- tot 7-leerders solank kom begin oefen.

  Oefentye vir die komende week:
  - ✓ Woensdag 15:00 – 16:00

- **Rugby**
  - ➢ **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**

    Betrokke ouers/voogde kan die seisoengeld betaal van R430.00 Betaling vir die Bulletjieseisoen sal gehef word op u skoolgeldrekening. Alle betalings word slegs by die finansiële kantoor gedoen, of per EFT-betaling waarvan die verwysingsnommer as volg is: U familiekode met die woord "Bul."
    Vir enige verdere inligting, kontak mnr. Johan Basson by 0827785800.

    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Maandag en Woensdag 17:00 – 18:00

    Opkomende wedstryde:
    - ✓ Saterdag, 20 April 2024 Laerskool Uitsig (Weg)
      Spelers en ouers het reëlings ontvang.

    Ondersteunerstruie:
    Die amptelike ondersteunerstruie het geland by Villies Klerehub. Pryse begin by R245 tot en met Large, daarna gaan pryse R10 op per grootte.

  - ➢ **Seuns o/9 – o/13**

    Oefentye vir die komende week:

    | | | |
    |---|---|---|
    | ✓ Maandag | o/9 en o/10 | 15:00 – 16:00 |
    | | o/11 – o/13 | 16:00 – 17:00 |
    | ✓ Donderdag | o/9 en o/10 | 14:00 – 15:30 |
    | | o/11 – o/13 | 15:30 – 17:00 |

    Wedstryde vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag Laerskool Constantiapark en Curro Academy Pta (Tuis)
      Spelers sal programme ontvang.

- **Netbal**
  - ➢ **Mandjie-Netbal**

    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag en Donderdag 13:00 – 14:00

- **<u>Mini-Netbal</u>**

  <u>Oefentye vir die komende week:</u>

  ✓ Dinsdag en Donderdag 14:00 – 15:00

  <u>Wedstryde vir die komende week:</u>

  ✓ Dinsdag Slegs A- en B-spanne Laerskool Voorpos (Weg)

  <u>Program:</u>

| TYD | GRAS 2 | GRAS 3 |
|---|---|---|
| **14:30 – 14:55** | o/9A | o/8A |
| **15:00 – 15:25** | o/9B | o/8B |

  ✓ Donderdag Slegs A- en B-spanne Laerskool Mayville (Tuis)

  <u>Program:</u>

| TYD | BAAN 5 | BAAN 6 |
|---|---|---|
| **14:30 – 15:05** | o/9A | o/8B |
| **15:10 – 15:45** | o/9B | o/8A |

- **<u>Dogters o/10 – o/13</u>**

  <u>Oefentye vir die komende week:</u>

  ✓ Geen oefening vir volgende week as gevolg van die twee liga wedstryde.

  <u>Wedstryde vir die komende week:</u>

  ✓ Dinsdag Slegs A- en B-spanne Laerskool Voorpos (Weg)

  <u>Program:</u>

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | GRAS 1 |
|---|---|---|---|---|
| **14:30 – 15:05** | o/13B | o/12A | o/11B | o/10A |
| **15:10 – 15:45** | o/13A | o/12B | o/11A | o/10B |

  ✓ Donderdag Slegs A- en B-spanne Laerskool Mayville (Tuis)

  <u>Program:</u>

| TYD | BAAN 4 | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 |
|---|---|---|---|---|
| **14:30 – 15:05** | o/10B | o/11A | o/12B | o/13A |
| **15:10 – 15:45** | o/10A | o/11B | o/12A | o/13B |

  ✓ Dinsdag Slegs C-spanne Northridge Primary (Tuis)

  <u>Program:</u>

| TYD | BAAN 4 | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 |
|---|---|---|---|---|
| **14:30 – 15:05** | o/10C | | | o/13C |
| **15:10 – 15:45** | | o/11C | o/12C | |

- ✓ Donderdag Slegs C-spanne Laerskool Haakdoorn (Weg)

Program:

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 |
|---|---|---|
| **14:30 – 15:00** | o/10C | o/12C |
| **15:15 – 15:45** | o/11C | o/13C |

- **Skaak**
  Oefentye vir die komende week:
  - ✓ Maandag en Woensdag Graad 2 en 3 13:30 – 14:15 (Klas 53)
  - ✓ Maandag en Woensdag Graad 4 en 5 13:45 – 14:30 (Klas 30)
  - ✓ Maandag en Woensdag Graad 6 en 7 13:45 – 14:30 (Klas 29)

**KULTUUR**

- **ATKV-Redenaarskompetisie**
  ‘n Super, maar SUPER gelukwensing vir my Villies kultuurspan. ‘n Eerste groot tree vir Redenaars deelname buite skoolverband. ‘n Rekord getal van 21 leerders gaan deelneem. Baie sterkte aan die leerders wat vandag en môre deelneem aan die kompetisie.

- **Sang (Klassieke musiek)**
  Leerders wat aan die oudisies kom deelneem het, en geslaag het, het reeds briewe ontvang. Afrigting en oefening vind op Maandae en Woensdae plaas. Betrokke leerders ontvang vandag ‘n rooster met oefentye. Leerders sal deelneem aan die Noordekruin Kunstefees wat vanaf 12 – 24 Augustus 2024 plaasvind.
  Ons is baie opgewonde en dankbaar om weer in 2024 vir Tannie Jeanne as begeleier en afrigter te verwelkom. Tannie Jeanne het jare se ondervinding in musiek en ons glo dat ons leerders in hierdie kultuurafdeling ook gaan skitter.

- **Sang (Ligte musiek)**
  Ons wil in 2024 meer leerders bemagting en die geleentheid bied om te kan deelneem aan kultuuraktiwiteite. Leerders sal vanjaar die geleentheid kry om deel te neem aan die Noordekruin Kunstefees se Vokaal Ligte Musiek. Die leerders sal die geleentheid kry om ‘n liedjie te sing met die gebruik van ‘n klankbaan (backtrack).
  Afrigting en oefening vind op Maandae en Woensdae plaas. Betrokke leerders ontvang vandag ‘n rooster met oefentye.

- **Roer-Jou-Voete-Liedjiefees**
  Alle leerders het reeds ‘n skrywe met die inligting vir hierdie jaar se “Roer-Jou-Voete-Liedjiefees” ontvang. Dit is ‘n eerste vir Laerskool Villieria waar ons, ons Liedjiefees op ‘n groot buitelug verhoog gaan hou. Motiveer asseblief u kind(ers) om te kom deel in die avontuur, waar elke leerder in graadverband gaan saam sing, dans en sommer net weer die mooi van kind wees vier.
  Die eerste oefensessies het reeds hierdie week begin en ons hoop u kind(ers) is net so opgewonde soos ons oor die lekker fees.

- **Graad 6- en 7-dansgroep**
  Die eerste opwinding vir die “Roer-Jou-Voete-Liedjiefees” het reeds begin. Baie dankie aan die leerders wat kom deelneem het aan die oudisies vir die groep.
  Oefening vir hierdie dansgroep vind plaas soos volg:
  - ✓ Maandae en Woensdae 14:00 – 15:00 Skoolsaal

  Ons doen egter ‘n beroep op hierdie leerders om die oefeninge getrou by te woon.

- **Welsprekendheid 2024**
  Die temas weer vir hierdie jaar:

| GRAAD 1 – 3 | GRAAD 4 – 5 | GRAAD 6 - 7 |
|---|---|---|
| ✓ Teken | ✓ Grond | ✓ Kompas |
| ✓ Sprokies | ✓ Komma | ✓ Wekker |
| ✓ Oorlosie | ✓ Foto | ✓ Waag |

  Juniors sal klassikaal inligting ontvang.
  Seniors wie belangstel moet hul name by juffrou Lou-Hanri Breedt (K. 23) gaan opgee.
  Leerders wie hul name kom opgee, moet asseblief hul toesprake oefen en reg kry om voor te dra op die volgende datums:
  - ✓ Graad 4 en 5 — Maandag, 20 Mei 2024 — 13:30 – 15:00
  - ✓ Graad 6 en 7 — Woensdag, 22 Mei 2024 — 13:30 – 15:00

**AANBEVELINGS – TOESPRAKE**

Met die oog op ons komende Welsprekendheidsaande, wil ons aan u ‘n paar aanbevelings gee rondom die verwagting van die toesprake in die klaskamer en verál om deur te dring na ons Welsprekendheids-aande. Hierdie aanbevelings sal dan ook help indien u kind aan ander redenaarskompetisies wil deelneem.

- **Struktuur**
  - ‘n Toespraak moet in 3 dele verdeel word. ‘n Inleiding, inhoud en ‘n slot. Die inleiding moet treffend wees om die gehoor se aandag te hou.
  - Die toespraak moet 3 duidelike hoofpunte/geselspunte hê.
  - Daar moet ten minste 3 bronne aangehaal word in die toespraak. Die bronne wat aangehaal word moet wel op die leerders se vlak wees. By Graad 1 tot 3-leerders moet dit nie ‘n bron wees wat moeilik is om uit te spreek nie. Hou dit eenvoudig. Hou dit op hulle vlak.
  - Die inhoud is die volledige bespreking waar die 3 hoofpunte hoofsaaklik moet voorkom. Dit moet aansluit by die inleiding.
  - Die slot is die laaste gedeelte. Die finale kans wat die leerder het om sy/haar argument deur te gee. Die slot moet treffend wees en ‘n blywende indruk laat.
  - Die onderwerp moet nie aangekondig word nie. Die gehoor moet dit self uit die toespraak kan aflei.

- **Liggaamstaal**
  - In alledaagse gesprek gebruik ons ons hande. Gebruik van leerders se hande is dus tydens die toespraak ook van belang. Die gebruik van hande moet nie te veel voorkom nie, net waar dit <u>nodig</u> en <u>betekenisvol</u> is.
  - ‘n Spreker oorreed sy/haar gehoor nie net deur middel van sy/haar toespraak nie, maar verál deur sy/haar stemgebruik (oefen) asook gesigsuitdrukkings (vriendelik, bekommerd, ernstig en vraend). Hulle gesiggies moet wys wat hulle voel.
  - Entoesiasme is baie belangrik.
  - Oogkontak is belangrik. Die leerders moenie bo-oor die gehoor kyk nie. Kies 3 persone op wie om te fokus. Wissel tussen die 3 persone. Wanneer die voorsitter aangespreek word, moet die leerder vir die voorsitter kyk. (Die voorsitter is die onderwyseres in die klas of die organiseerder van die redenaarsaand).

- **<u>Gebruik van notas (kaartjies)</u>**
  - Grootte van notas (kaartjies):
    - ✓ Verkieslik ‘n A4-karton in 4 gedeel of indekskaartjies werk ook baie goed. Grondslagfase (Graad 1 – 3) kan ‘n A5-grootte karton gebruik.
    - ✓ Moenie die notas vaskram of ringbind nie (veral nie Graad 6 en 7 nie).
    - ✓ Nommer die kaartjies.
    - ✓ Probeer om <u>nie te veel kaartjies</u> te hê nie. Hoe meer kaartjies, hoe meer moet die leerder wissel.
  - Gebruik van notas (Gebeur nie natuurlik nie – moet ingeoefen word):
    - ✓ Notas is ‘n <u>hulpmiddel</u> wat só gebruik moet word dat ‘n spreker nie <u>oogkontak met sy/haar gehoor verloor</u> nie. DUS – hou die notas ongeveer bors-/skouerhoogte en effens weg van jou lyf af.
    - ✓ Moet verkieslik <u>nie afkyk na die notas</u> wanneer notas gewissel word nie.
    - ✓ Moenie die notas <u>buig of daarmee “speel”</u> terwyl jy praat nie – dit trek die gehoor se aandag baie vinnig af en nou kyk almal vir die notas en luister hulle nie na sy/haar baie sinvolle toespraak nie.
    - ✓ Notas <u>mag gewissel word van een hand na die ander</u> wanneer dieselfde hand waarin die notas vasgehou word, gebruik word om gebare te maak.

## <u>TOESPRAKE</u>

### TOESPRAAKTYD – EINTLIK DIE ONTWIKKELING VAN ’N WONDERLIKE VAARDIGHEID

***DEUR AFRIFORUM | MAR 3, 2020***
***Deur Carien Bloem, bestuurder van onderwys by AfriForum.***

Sommige ouers lê al sedert die Desembervakansie wakker oor die kinders se nuwe toesprake wat geskryf moet word. As ’n nuwe skooljaar begin, is dit ook mos toespraaktyd. Eers uitdunne of mondelinge in die klas, en daarna die senutergende kompetisies. Ek weet nie altyd wat die ergste is nie: Die hele toespraak skryf (of koop!) en leer, of die senuwees voordat jy voor ’n volgepakte gehoor jou sê moet sê?

Dit klink maar vreesaanjaend, maar eintlik bied redevoering (of “redenaars”, soos dit in die volksmond genoem word) jou ’n wonderlike geleentheid om ’n nuwe vaardigheid aan te leer – en boonop elke jaar te verbeter!
Die regte ding is om saam met jou ma of pa, onderwyser of drama-afrigter jou toespraak te skryf. Dit is egter baie belangrik dat jy self ook deur al die stappe werk om ’n toespraak te skryf – en nie net die toespraak soos ’n gedig uit jou kop uit leer nie. Die kuns van redevoering is om jou toespraak te alle tye so natuurlik moontlik, maar tog sterk aan jou gehoor oor te dra. Wanneer mens ’n toespraak koop, is mens geneig om nie spontaan te praat nie, maar met ’n ingeoefende ritme wat mens onnatuurlik laat klink.

Dit is ook baie belangrik om te weet hoe om ’n toespraak te skryf, aangesien dit deel is van die vaardigheid wat jy moet bemeester. Om uitstekende redeneervaardighede te bemeester, moet jy op twee dinge fokus: Jou toespraak se inhoud, en hoe jy dié toespraak aanbied.

<u>Jou toespraakinhoud</u>
Jou toespraak moet bestaan uit ‘n kort, treffende inleiding wat jou gehoor se aandag onmiddellik vasvang.
In die geval van ’n beredeneerde toespraak móét jy standpunt inneem en dus ten minste drie redes gee waarom jy so sterk oor die saak voel. Elke rede moet deur ’n geldige bron ondersteun word, gewoonlik iemand wat ’n kenner is en jou rede versterk.

Dit is ook doeltreffend as jy gemotiveerde humor by jou toespraak insluit. Jou eie mening of ’n steekproef onder jou vriende om jou standpunt te versterk, werk ook soos ‘n bom!

Laastens is dit belangrik om jou redes mooi saam te vat en jou toespraak sterk te eindig. Pasop om nie ’n inligtings-, motiverings- of vermaaklikheidstoespraak te lewer nie. Met ‘n beredeneerde toespraak maak jy dit duidelik dat jy VIR of TEEN ’n spesifieke onderwerp is, byvoorbeeld: Die misdaad in ons land maak my bang of Die misdaad in die land maak my nie bang nie.

Jou toespraakaanbieding

Soos ek reeds genoem het, moet jou aanbieding ’n natuurlike aanslag hê. Jy moet dus so natuurlik moontlik met jou gehoor gesels – asof jy met jou vriende of ouers oor iets gesels wat vir jou belangrik is. ’n Beredeneerde toespraak is nie gedramatiseerde prosa of poësie wat uitgevoer word nie. Natuurlik moet jy jou toespraak goed ken, maar moenie jou gehoor met ’n singerige praatstyl straf nie.
Oogkontak met jou gehoor, ’n netjiese voorkoms en regop postuur is baie belangrik. Hou ook die regte grootte kaartjies byderhand – verkieslik A6. Moet nooit met ’n papier praat nie; dit lyk baie onprofessioneel.
Waak daarteen om té vinnig te praat. Jou gehoor wil graag duidelik hoor wat jy sê, sodat hulle jou standpunt kan verstaan.

## HERHALENDE BOODSKAPPE

### GRAAD R (2025)

Graad R (2025) se aansoek om inskrywing is reeds oop en vele is alreeds ingehandig. Ons doen ‘n beroep op ons bestaande ouers/voogde wat ook kinders in groter grade het, wie ‘n graad R-kind wil inskryf by ons volgende jaar, om baie spoedig hul aansoekvorms in te gee.

### SPORT

- **Hekkies (Afrigting)**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 0828201989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.


- **Fietsry**
  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir ‘n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans. Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  ‘n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net ‘n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 0605199342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.

- **Hengel**
  Goedkeuring is verleen, soos met fietsry, dat belangstellende leerders van ons skool by hierdie aktiwiteit betrokke kan raak en onder ons skool se naam mag deelneem. Of u kind(ers) al vis gevang het of nie, alle leerders is welkom. Hierdie aktiwiteit funksioneer heeltemal op sy eie. Geen personeel van ons skool is betrokke nie.
  Kontak asseblief vir mnr. Nico Stapelberg by 0609240851 of stapelberg911@gmail.com
  Leerders wie Provinsiale- en/of Nasionale Kleure verwerf, sal wel tydens ons weeklikse saalopeninge erkenning kry en mag soos enige ander prestasie op Vrydae hul Provinsiale en/of Nasionale Kleure skool toe aantrek.

**GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)**

Alle graad 6- en 7-leerders het reeds in Januarie 2024 briewe ontvang rakende hul opvoedkundige toer gedurende Oktober 2024. Neem vroegtydig kennis van die betalingsopsies. Indien EFT-betalings, wees seker u maak gebruik van u familiekode en die woord “Veldskool” as verwysing.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***


COSMO RUN
COSMO GROUP
EST. 1994
Aandag
ALLE SKOLE
Die skool met die meeste inskrywings by die Cosmo Run
WEN R10 000
se waarde van toerusting by Cosmo Industrial
KOM EN GENIET DIE PRET
25 MEI 2024
ONTVANG 'N GRATIS PAAR SOKKIES SAAM MET JOU INSKRYWING
Pretoria Nasionale Botaniese Tuine
Kontak Petra (petra@cosmogroupsa.co.za) of 071 600 5324 vir meer inligting


COSMO RUN
30 COSMO GROUP EST. 1994
Attention
BUSINESSES
Looking for a Great Oppertunity
LOOK NO FURTHER
Book your Stall at the
Cosmo Run for
R200.00 per stand.
T&C apply
For bookings & more information please contact
Charmaine Hurter at
069 183 5210
elevent.pta@gmail.com


COSMO RUN
30 COSMO GROUP EST. 1994
SPONSOR
a waterpoint at the
Cosmo RUN.
CONTACT PETRA
petra@cosmogroupsa.co.za
for INQUIRES.
ATTENTION
Businesses
Looking for a Great Opportunity, LOOK NO FURTHER




# COSMO RUN

**ONTVANG 'N GRATIS PAAR KOUSE SAAM MET JOU INSKRYWING**

GET UP
MAKE A CHOICE
SET THE TONE

**Ten bate van die #HOOPstoot Projek**

Naam & Van: ____________________

Geslag: ____________________

Skoolverband: ____________________

Kontaknommer: ____________________

E-pos adres ____________________

Geboortedatum (Vereiste): ____________________

Noodgeval Kontak Naam: ____________________

Noodgeval Kontaknommer: ____________________

Area van Woning: ____________________

Hoe weet jy van hierdie byeenkoms? ☐ Radio ☐ Paal Ad ☐ Pamflet ☐ Sosiale Media

Stel jy belang aan toekomstige inligting van ons af? ☐ Ja ☐ Nee

Afhanklikes:

Naam & Van: __________ Geboortedatum (Vereiste): __________ Geslag: M / F

Naam & Van: __________ Geboortedatum (Vereiste): __________ Geslag: M / F

Naam & Van: __________ Geboortedatum (Vereiste): __________ Geslag: M / F

Naam & Van: __________ Geboortedatum (Vereiste): __________ Geslag: M / F

Naam & Van: __________ Geboortedatum (Vereiste): __________ Geslag: M / F

| Getal Deelnemers: | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 10km Pretstap / Draf | ☐ | @ R120.00pp = | |
| | 5km Pretstap / Draf | ☐ | @ R90.00pp = | |
| | Kinders (0-7 jaar) | ☐ | @ GRATIS = | |
| | Nie-Deelnemers | ☐ | @ R30.00pp = | |
| Sluit T-Hemp by my inskrywing in: **Ja / Nee** | | | @ R150.00 = | |
| (Alleenlik volwassene T-Hemde beskikbaar; S, M, L, XL, 2XL, 3XL, 4XL) | | | **TOTAAL** | |

Navraag op groepafslag op 10 of meer mense

VRYWARING & AFWYSING: Deelnemers neem op eie risiko deel aan die 5km en 10km Pretstap/draf en doen afstand van alle eise teen Cosmo Gas and Welding (Edms) Bpk t/a Cosmo Industrial, grondeienaars, enige individuele organiseerder of beampte, beampte, assistent of agent, die borge of enige plaaslike owerheid of hul werknemers. Minderjariges (o. 18) moet hierdie vorm deur hul ouer/wettige voog laat onderteken wat sodoende die organiseerders van die 5km en 10km Pretstap/draf teen alle eise vrywaar. Inskrywings kan nie terugbetaal, gekanselleer, teruggestuur of omgeruil word as gevolg van weer of onvoorsiene gebeurtenisse wat buite die beheer van die geleentheidsorganiseerders plaasvind nie. Die geleentheid sal aan Covid-19 vereistes voldoen. Beperkte inskrywings, verspringende begin.

Faks inskrywingsvorm na 012 804 6571 of stuur e-pos aan petra@cosmogroupsa.co.za. Bewys van Betaling moet by jou aansoekvorm aangeheg wees. Bankbesonderhede: Cosmo Gas and Welding (Pty) Ltd. FNB Silverton, Rekeningnommer: 623 791 68034, Takkode: 250 845.
Verwysingsnommer: Naam, van en nommer van deelnemers,

Handtekening van Deelnemer ____________ Handtekening Van Ouer / Voog ____________ Datum ____________

Vir meer inligting: **012 846 3300**

Trotse Borge COSMO GROUP

**www.cosmogroupsa.co.za**


NEED ANY SIGNAGE
CONTACT
NEXOR Signs
NOW
nexorsigns@global.co.za
Welcome to the Experience of Signage
NEXOR Signs
Tel: 012 333 3384 • Tel: 012 333 2629
• Tel: 012 333 3676 • Fax: 086 652 6642
• Cell: 079 018 3230 • Cell: 064 908 6912
• E-mail: nexorsigns@global.co.za
• Web site: www.nexorsigns.co.za
1031 Nico Smith Str., (old Michael Brink)
Villieria, PTA


FAITH - HOPE - LOVE - LUCK
FOUR LEAF
NETBALL COACHING
WONDERBOOM
Saturdays
0/10 & 0/11 - 08:30 - 9:30
0/12 & 0/13 - 09:30 -10:30
R500 p/p monthly
(4 sessions)
R150 p/p session
(1 session)
WE FOCUS ON
SKILL DEVELOPMENT
• Attacking Skills
• Catching / Passing
• Landing / Turning
• Space awareness
• Getting Free
• Timing
• Decision Making
DEFENSE
• Defensive Footwork
• Man to Man defense
• Off Marking Defense
Sanette 083 253 3303

# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

# DATES 2024

## GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING